TYDSKRIF
Rapport • 18 Januarie 2009



Niël Rademan
STYLVOL EN VOL TALENT

NIËL RADEMAN is hier om te bly

Deur Maretta Bellingan Foto's: Henriëtte Neethingh

Die sanger-pianis-regisseur Niël Rademan weet meestal nie waar om te vat en waar om te los nie. In 'n betreklik kort tyd het hy hom gevestig as 'n formidabele kunstenaar, en dit blyk net die begin te wees.

Ná die uitreiking van sy eerste CD, *Fisantekraal*, verlede jaar, het 'n resensent geskryf: "Met virtuose klavierspel en 'n stem so warm soos Overbergse heuning bring hy weer die lied en die poësie terug in kontemporêre Afrikaans."

Rademan tree gereeld as sanger, pianis en vertolker op en het al verskeie pryse ingepalm vir sy werk as regisseur. Hy is ook betrokke by kinderteater, gemeenskapsprojekte en bedryf sy eie teater, Die Dasjedrift-opstal, naby Heidelberg.

Wie op aarde is jy?

"Niël Rademan is 'n plaasseun van die Suid-Kaap, Langebergdistrik, Heidelberg. Ek is die oudste kind en my sussies is Helena ('n motoriese terapeut in Londen) en Anina (graad 12). My pa, Alfred, is 'n stoere boer en die mens met die grootste hart ter wêreld, en my ma, Cecil, is 'n eksentrieke, aantreklike vrou en ook die sjef by my teaterhuis naby Heidelberg. Sonder my ouers se ondersteuning sou ek niks gewees het nie."

Hoekom voel dit asof jy 'n ou gees is?

"Ek vind outydse sjarme, styl, gehalte, deernis, gemoedelikheid en goeie taalgebruik ongelooflik aantreklik. Ek het tyd vir mense en dinge wat iets met swier kan doen en/of laat gebeur. Selfs die ander sy van die ou-wêreldsheid – om soggens op 'n groot plaasstoep te sit en koffie drink en gesels of om om die kombuistafel te sit en kuier voor die vuurherd tot ou nag toe. Dis fantasties! Maar ek is nie ten volle 'n ou gees nie. Ou geeste het nie soveel dryfkrag en ambisie soos ek nie. Hulle het gewoonlik reeds alle sukses en teleurstellings ervaar en is baie rustiger as my persoonlikheidstipe. Ek vermoed in die sielewêreld in die geheel is ek waarskynlik 'n tiener of adolessent."

Jy lyk Europees, is dit aangeleer of aangebore?

"Nee genade, dis maar die voorgeslagte wat deurslaan. Die Franse, Hollanders, Duitsers, Italiaanse immigrante en Oosterse slawe het maar lekker tussen die boere van ouds gewoel. Ek was as kind glad nie mal oor my krulhare nie, maar met die tyd het ek leer saamleef daarmee."

Waar het jy gestudeer en hoeveel grade en pryse staan daar al op jou vertoonkas?

"Ek het tot matriek deur Unisa klavier as praktiese musiekinstrument bestudeer. Daarna is ek Stellenbosch toe vir B.A .(Drama), M.Dram. (regie). My spesialiteitsgebied is die menslike spraak- en sangstem. Ek moet erken ek is trots op die eerste Kanna-toekenning vir kinderteater by die KKNK. Ek het dit gekry vir *Wilde Willemientjie* (wat ek geregisseer en vervaardig het). 'n Ander soortgelyke produksie, *Arboreta, die heks met die groen hare*, is ook verlede jaar benoem vir dieselfde prys. Daar was nog 'n paar, maar hoewel toekennings en die erkenning belangrik is, is ek geensins op daardie soort prestasie ingestel nie. Ek kry my beloning uit applous."

Is jy pianis-sanger of sanger-pianis?

"Nadat ek met pianiste soos Rika Vermeulen en Tertia Visser-Downie begin werk het, het ek besef ek is eerder 'n sanger-pianis.

NA BL. 8

Plaasseun met sy siel in kunste

Vir meer oor die kunstenaar besoek gerus www.nielrademan.com en skakel 084 444 9238 vir CD-bestellings.

Die Suidoosterfees vind vanjaar van 27 Januarie tot 1 Februarie by die KunsteKaap plaas.

VAN BL. 6

"Daar is sekerlik 'n mate van sjarme aan iemand wat klavier speel en sing, maar weet jy hoe kan ek *perform* wanneer ek staan en sing?"

Is jy 'n perfeksionis?

"Ek is oop vir kritiek en voorstelle, maar ek hou gewoonlik die meeste van my eie manier. Ek het vooropgestelde idees vir en van produksies en sekere kreatiewe prosesse. Ek kan kreatief wees onder druk. Kreatiwiteit gebeur vir my op die oomblik. Ek weet ook bitter goed wanneer dit nie gaan gebeur nie – dan sorg ek dat ek uit die pad bly."

Vertel van jou betrokkenheid by kinderteater.

"Ek het lus gehad vir 'n uitdaging en het vir Riana Scheepers gevra of sy nie kan help nie. Sy was nog besig met die teks van haar boek *Die avonture van wilde Willemientjie*. Die verhoogproduksie is met haar hulp en dié van die hele rolverdeling geskep en vir die KKNK ingeskryf. Die res is geskiedenis . . . Ek dink nie volwasse- en kinderteater is werklik so ver van mekaar verwyder nie. Die reëls van vermaak bly maar dieselfde. Ouderdom is geen faktor as dit by die gehalte van vermaak kom nie."

Is jy 'n kwaai regisseur?

"Ek is goed daarmee om vir mense takies uit te deel sonder dat dit soos bevele klink. Ek delegeer goed. En ja, ek is seker maar 'n bietjie kwaai. Dis deel van my samestelling. Ek was twee jaar lank 'n Afrikaans-onderwyser by Paul Roos-Gimnasium. Dit was 'n wonderlike ervaring. Ek was baie vriendelik – het die leerlinge soms te veel toegelaat, maar ek was ongelooflik streng. Dit bly maar die wenresep. Vriendelik, dog ferm."

Wat voed jou musikale siel?

"Ek luister graag na Herman van Veen. Hy is 'n musikale genie. Sy eweknieë hier is Coenie de Villiers en Amanda Strydom. En my groot held, natuurlik – die stem wat nooit sal sterf nie – Gé Korsten. Hoewel hy nie as sodanig 'n kabarettis was nie het hy ongelooflike artistieke integriteit gehad. Hy was 'n lewende legende en word nou nog – jare ná sy dood – gevier."

Vertel van jou betrokkenheid by die Suidoosterfees.

"Ek is betrokke by *Die Kaapse kabaret*, wat in die program beskryf word as 'n musikale tragi-komedie. Maak jou dus reg vir goeie komedie met 'n sterk skeut ironie daarby. Dit gaan oor die doen, late en gevolge van slawerny aan die Kaap. Almal van ons is onlosmaakbaar deel van dié aspek van ons geskiedenis. Ander spelers is Zenobia Kloppers, Charlene Truter en Rika Vermeulen. Die regie word gedoen deur Juanita Swanepoel.

En vir die gala-aand van die korekompetisie rig ek die Soweto-gospelkoor en die drie ander wenkore af vir *Suidlandgebed* van Lize Beekman. Ek is ook die dirigent."

Wat is daarna op jou spyskaart?

"Benewens *Die Kaapse kabaret* gaan ek vanjaar fokus op my sangloopbaan. Ek doen 'n produksie, *'n Boereseun en 'n blondine*, saam met die klavierboffen Rika Vermeulen – sy is die blondine. Ek en Emo Adams gaan saam 'n produksie doen, dan is daar 'n huldigingskonsert vir Gé Korsten. Ek is ook as vervaardiger en regisseur betrokke by *Ouens is nie pizzas nie*, 'n toneelstuk vir die ATKV wat op tieners en hul ouers gemik is. En in November wag *Kabaretmania*, die enigste kunstefees wat net op kabaret fokus, in Stellenbosch op my. Ek het verlede jaar daarmee begin."

Jy is duidelik nie bang jy bereik te veel voordat jy dertig is nie?

"Beslis nie. Ek is baie gedrewe, en bitter dankbaar daarvoor. Dis soms uitputtend om Niël Rademan te wees, maar die opwinding en bevrediging is groot. Ek bou op elke oorwinning. Alles wat ek bereik, dien as ekstra motivering om net nog hoër hoogtes te bereik."

Wie of wat gee vir jou 'n onbeskryflike pyn?

"Mense wat dink hulle is uitsonderlik, maar eintlik glad nie is nie. Onkunde. Arrogansie."

Wat maak jou vreeslik gelukkig?

" 'n Goeie outydse partytjie, pons, pienkwyn, tert, 'n orkes met 'n sanger of twee en goeie geselskap in suiwer Afrikaans."

Wat doen Niël Rademan as hy nou regtig uithaak?

"Ek drink brandewyn en Coke en vertel van my dae toe ek rugby gespeel het saam met Neil MacDonald, Johan Muller, Pedrie Wannenburg, Henkie Oosthuisen en Gavin Hume."

Pienkwyn en maaskaastert

"Gryp elke oomblik in die lewe aan, betrek ander talentvolle mense daarby en moenie aanvanklik te veel van jou kreatiewe idees uitlap nie." Só pak Niël Rademan sy lewe, liefdes en hartseer aan.

woorde WANDA AUGUSTYN foto's HENRIETTE NEETHLING

AS jy met hierdie man wil kuier, sit 'n hele oggend uit daarvoor. Want Niël is een van daai mense met duisende stories wat hy in sy mooi, diep stem vertel sonder om te blik of te bloos. Waar hy sit, skater almal binnekort saam. Hy het 'n aura wat jou aandag vra en vashou en 'n teenwoordigheid wat 'n vertrek vul sonder dat hy regtig wil. En sy stem ... dis regtig (sonder om soos 'n goedkoop roman te klink) soos donker, gesmelte sjokolade!

Hy't 'n onnutsige sin vir humor, is gaande oor Suid-Afrikaanse wyn (hy woon op 'n wynplaas in Wellington) en luister graag na opera en elke maand 'n ander Afrikaanse musikant – dié maand is Lize Beekman aan die beurt.

Sy debuut CD, *Fisantekraal*, is sommer nog onlangs vrygestel en het heelwat reaksie uitgelok. Hy't sy teaterloopbaan met regie in 'n studenteproduksie begin aan die Universiteit van Stellenbosch en in 2004 behartig hy die verwerking, regie en musikale verwerking van Riana Scheepers se kinderboek, *Die Avonture van Wilde Willemientjie* (waarvoor hy terloops die gesogte Absa KKNK Kanna-toekenning vir die beste kinderteaterproduksie ontvang het). Sy volgende kinderteaterprojek, *Arboreta, Die Heks Met Die Groen Hare*, word weer in 2008 genomineer vir die Kanna-toekenning.

Self beskryf hy hom as pianis/sanger/kabaretsanger. "Ek het kleintyd reeds begin tokkel op al wat 'n mens se klavier is. Ons het nie 'n klavier in die familie gehad nie. Die Rademans kon glo lekker sing en dans, maar die formele musiekopleiding en skoling in klassieke musiek het agterweë gebly. Ons is plaasmense, verslaaf aan mense. As ek klavierspeel en sing oor die wonderlike lewe op die platteland vir al die mense, dan is ek op my gelukkigste."

Niël sing hoofsaaklik in Afrikaans. "Ek sing oor die lewe, die liefde en die dood. Die Hollanders meen dat ek lewensliedere en selfs smartgesange sing. Sommige mense skrik as hulle dit hoor, maar ek is 'n kabaretsanger. My doel is om jou te laat lag terwyl jy nou en dan 'n traantjie pink. En seker te maak dat niemand jou gesien huil het nie."

Hy's nie meer pro-note as -woorde nie. "Musiek is 'n universele taal. Maar wanneer mens met Afrikaans gekonfronteer word, kan jy nie help om musiek te hoor nie," lag hy.

As hy dieper delf is dit die opeenvolging van klanke wat uiteindelik musikale sinne vorm wat hom betower. "Dit is die uniekheid van musiek. Musiek is teater. Musiek laat jou lag, huil, frons, wonder ... dit kan jou verras en selfs ontstel."

Sy Boereseun tot Brel-produksie saam met Ollie Viljoen het gehore landwyd gaande gehad waar hul sensitiewe vertolkings van Afrikaanse volksmusiek en Europese *chansons* die lied en die poësie in kontemporêre Afrikaans teruggebring het.

Inspirasie vind hy in die alledaagse en ook meer spesifiek van Coenie de Villiers, Herman van Veen en Jaques Brel. Dit sukkel soms om elke keer met iets nuut en vars vorendag te kom, maar volgens hom is 'n ware kunstenaar eintlik 'n verkleurmannetjie. "Jou werk moet vele gesigte kan aanneem. 'n Musikant, akteur, regisseur se werkspersona neem dié van 'n maskerdraer aan. Jy moet innoverend wees, maar sorg dat jy integriteit behou."



Niël Rademan en Ollie Viljoen.

Niël se tiener *celebrity crush* op Anjelica Huston oftewel Mortisha Adams van die *Adam's Family*-faam moes 'n aanduiding wees dat daar 'n dramatiese toekoms vir hom wag.

So gepraat van integriteit, as dit kom by dwangrym het Niël regtig 'n probleem. "Bokkie, rokkie, sokkie, stokkie werk nie, behalwe natuurlik (soms) in kinderliedjies. Dalk is die slaafse luisteraars van die dwangrym-musiek eintlik op soek na goeie kindermusiek."

Aan die ander kant erken hy dat dit wonderlik is dat alle genres musiek vir die eerste keer nou in Afrikaans beoefen en bedryf word. "'n Taal is in volle swang en het volwaardigheid bereik wanneer kuns in die betrokke taal verwoord kan word. Afrikaans? Verseker!"

Soos Niël sy musiek aanpak, voel hy oor wyn ook. Erg geesdriftig! Een van sy mooiste kindertyd herinneringe is juis toe hy en sy sussie Vrydagaande by hulle ouma en Oupa Rademan gaan kuier het en *Spies en Plessis* gekyk het. Dan het hulle mooitjies uit soetwynglasies brandewyn en Coke gedrink. "Maar ek sal maar nie dat ons nou hieroor uitbrei nie. Dalk skryf jy straks 'n novelle!"

Vandag is hy dol op enige pienk wyn, maar die lekkerste wyn wat hy ooit gedrink het was 'n Robertson semisoet witwyn in 'n 500 ml boksie saam met sy vriendin Cornelia Faasen. "Gee my dit enige dag, Of natuurlik my pienkwyn saam met maaskaastert!"

Dis moeilik om te glo dat daar dinge is wat die ondersteunende, opportunistiese en innoverende (sy eie woorde!) man af laat voel. Dat hy effe kleurblind is, sal jy nooit vermoed nie. Kompulsief, ja wel. Maar mense wat nie flambojant is nie en dink hulle is, grief hom genadeloos. *Heavy metal*-musiek ook.

Maar net so onverwags kan hy vir homself lag. Hy geen nie om om belaglik te wees nie. Dié maak hy af as eksentriekheid, want snaaks is tog so passé. En hy's veral mal oor die swaar parfuumwalm wat agter 'n verbygaande dame aanwalm, 'n romantiese komedie met sy selfoon afgeskakel en gesprekke met oumense. "Wysheid van die grysheid, jy weet!" grinnik hy.

As daar nou een sonde is wat hy sonder blik of bloos troetel, is dit sy begeerte na 'n Börsendorfer-konsertvleuelklavier. "Dis soos 'n S600 Mercedes Benz. Jy hoef dit nie eens vir 'n toetsrit te neem nie. Jy wil dit net hê."

Die toekoms lê blink vir hom en wag. Hoewel hy nie glo dat hy dit kan bepaal nie, pak hy binnekort Die Kaapse Kabaret aan saam met Charlene Truter, Zenobia Kloppers en Rika Vermeulen. "Ek werk ook aan 'n nuwe solo-vertoning, kindervertoning, woordkunsprogram en dan moet ek seker begin dink aan my tweede CD."

Vir hom as mens?

"My toekomswens is dat ek tot in lengte van dae kan gesels en mensekennis kan inslurp tot ek verdrink daaraan. Daar is mense wat prontuit beweer dat dit baie uitputtend moet wees om Niël Rademan te wees, maar laat ek doodeerlik wees. Om elke dag met 'n groot verskeidenheid mense te kan gesels, vriendelik, ondersteunend te wees en op 'n beskaafde vlak met hulle te kan werk, is 'n absolute seëning." •

Die Kaapse Kabaret met Niël Rademan, Charlene Truter, Zenobia Kloppers en Rika Vermeulen skop af tydens *Die Burger* Suidoosterfees in Kaapstad in die Kunstekaap Arena vanaf 28 Januarie - 1 Februarie. Bespreek by Computicket.

die paneel

Wat gaan jou voorkeurwyn dié somer wees?

Niël Rademan, sjarmante sanger-klavierspeler/verhoogregisseur van Wellington

Fleur du Cap ongefilterde witwyn en goeie ligte pienk wyn!

Lukas Wentzel, kranige wynmaker van Groote Post

Koue Sauvignon Blanc en 'n goeie Cap Classique of Champagne.

Mmule Masalesa, blinkoog tegniese konsultant van Anchor Yeast, Parow

Iets lig en vrugtig! Dit sal my die Motswako en Kwaito laat dans ...

Sandra Bester, borrelende smous vir CJ Petrow Chemicals van Riebeek-Kasteel

Weet ek moet sê Sauvignon Blanc, maar ek *love* Chenin Blanc – dit maak ook 'n lekker *spritzer*.

Cristelle le Roux, reisende sommelier en nou verkoopsassistent by De Grendel

Was nog altyd Sauvignon Blanc.

Wiekus Viljoen, sportiewe familie-juwelier van die Paarl

Sauvignon Blanc! Sonder twyfel...

ons gunsteling wyn

2008 Groote Post Sauvignon Blanc (R60)

die res

2008 Fleur du Cap Sauvignon Blanc (R30)
2007 De Grendel Sauvignon Blanc (R55)
2008 Tokara Walker Bay Sauvignon Blanc (R75)
2008 Fairview Sauvignon Blanc (R46)
2008 Riebeek Wynkelder Sauvignon Blanc (R26)

reëls van die spel

Rendezvous Prouz is speels, pretensieloos en prettig.
Die paneel bestaan uit mense wat hou van wyn.
Elke deelnemer nomineer 'n wyn van sy/haar keuse volgens die druifsoort-keuse vir die proe.
Fynproe koop die wyne aan – dit moet dus kommersieel beskikbaar wees.
Die proeë word blind aangebied en die etes geborg deur Laborie Restaurant in die Paarl.

"**SUUUUUIKERBOS** ek wil jou hê", sing Niël Rademan met 'n sjokoladestem op sy CD, *Fisantekraal*. In lewende lywe, aan ons Rendezvous-tafel (kompleet versier met 'n suikerbos en protea tafeldoek) is hy net so aanloklik soos sy stem. Ouer vrouens, vertel hy vrypostig, is sy nismark – sy sjarme, musiek uit die veertigerjare en streelsagte stem sorg vir onvergeetlike verjaardagpartytjies!

So van ouer vrouens gepraat – die ouderdom van 'n goeie Sauvignon Blanc was nogal 'n groot tema aan ons tafel. Ons was dit eens dat Suid-Afrikaners ly aan 'n tragiese wanindruk dat jy net bloedjonk Sauvignon Blancs kan geniet. Onder ons gaste was daar heelwat insette van mense wat tót dekade-oue weergawes hoë punte gegee het! En wynmaker Lukas Wentzel het enige verdere twyfel uit die weg geruim met sy geloof dat 'n goeie Sauvignon Blanc 'n bietjie bottelboeket nodig het, en dus eers na 'n jaar gedrink behoort te word.

Lukas was eerste aan die woord, na almal hulself voorgestel en familieskandes gebieg het. "Sauvignon Blanc is 'n Suid-Afrikaanse spesialiteit," was sy trotse invalswoorde. "Min ander lande maak sulke goeie Sauvignon Blanc soos Suid-Afrika. Ons grootste kompetisie is uit Nieu-Seeland en Frankryk." En aangesien hy self 'n kusstreek wynmaker is, kon hy met geesdrif uitwei oor hierdie streek se voordele wanneer dit by Sauvignon Blanc kom. (En nee, dit was 'n blinde proe, so hy het niks te doen gehad met die uitslag in sy eie wyn se guns nie!)

"Koeler areas is beter vir kwaliteit Sauvignon Blanc," het hy verduidelik. Dis dan wanneer die groener nuanses van geure uitkom. Wanneer jy tussen asem en tong alles optel van aspersie tot ertjie, gras en appelliefie.

Ons gaste het mooi geluister, tussenin ook baie gepraat, maar toe tog rustig geraak en deur die ses geheimsinnige glase geproe. "Te droog, te droog," skryf Niël oor een. "Heuning, blomme, pronkertjies op die neus," skryf Wanda. Ek het die ene seelug en digte mis opgetel in een van die wyne. En oor 'n ander een skryf Cristelle: "Sitrus en parfuum."

Aan ons tafel is sy die een met die interessantste wynlewe. Voor De Grendel het sy 'n jaar op 'n skip tussen die Karibiese Eilande gewerk as sommelier. Ons almal se oë raak glaserig. Dit moet 'n droom wees ...

Mees toegewyde aan die tafel is Wiekus, wat dié oggend nog uit Medi-Clinic ontslaan is met 'n elmboog-operasie. Dis hy wat vir Sandra saamgebring het – 'n vrou met ongelooflik baie energie! Sy vertel ons dat sy op 44 van beroep verander het, en mal is oor haar nuwe werk. Nog 'n pluimpie in die hoed van "ouer is beter"!

Mmule is die vrolike een aan tafel en 'n groot aanhanger van die duurste Sauvignon Blanc wat ons proe. Deur haar werk kry sy die nuutste en beste wyne te proe, en is mal daaroor – 'n merkwaardige sprong vir 'n vroumens wat in Centurion gebore is.

Filosofiese tussenwerpsels is daar baie, terwyl die ure ongemerk verbyglip. Ons eet seekos met 'n somerse tema: "'n Somersmakie van son, see en sand". Laborie se sjef, Michelle Theron, het vir ons 'n gerookte snoek en patatsop in 'n klein koppietjie, Laborie se weergawe van vis-en-chips, 'n seekos potpourri en 'n vanielje panna-voorberei.

Die kos was net soveel kuns soos die wyn en soos Niël homself. Hy en Lukas was teen die einde heel diepsinnig. "'n Mens kan nooit dieselfde ding twee keer presies dieselfde doen nie," het hul saamgestem oor teater en oor wyn. Elke sluk en elke opvoering is uniek. Dit gaan eenvoudig daaroor hoe jy dit in daardie oomblik ervaar. "Hoe laat dit jou voel?" beduie Niël met passievolle hande.

Dis dan ook die vraag wat jy hierdie somer oor elke slukkie Sauvignon Blanc kan vra. Goeie rede om een van die wyne van ons tafel te probeer – hulle was elkeen op sy eie manier tops! ▪

Ons Rendezvous-gaste is Mmule Masalesa, Wiekus Viljoen, Niël Rademan, Cristelle le Roux, Sandra Bester en Lukas Wentzel. Voor is Jeanne de Villiers.

Wat is daar om te weet van kusstreek Sauvignon Blanc?

Die Wyn van Oorsprong-grense rondom "kusstreek" kan dalk vir die gewone verbruiker verwarrend wees, moes ons om die Rendezvous-tafel erken. Kusstreek klink soos al die wingerde net anderkant die eerste heuwel van die see af. "Mens kan die see van die wingerd af sien," was een van ons gaste se kort en logiese definisie. Inderwaarheid is kusstreek-wingerde dié wat volgens wetgewing strek van Constantia tot Swartland tot Tulbagh (en dit sluit Stellenbosch en Paarl in).

Hoewel die wingerde dus ver en wyd lê, het hierdie hele area 'n kusklimaat in gemeen. Koeler seelug het 'n invloed op dag- en nagtemperature – hoe nader aan die see, natuurlik, hoe beter. Veral vir Sauvignon Blanc.

Dié druifsoort het sy oorsprong in Frankryk en is wêreldbekend vir sy vars, fris geure wat strek van groenrissie tot tropies. Veral die Europese palet verkies meer tropiese geure. Die druiwe se suur is belangrik vir hoë kwaliteit wyn, daarom word Sauvignon Blanc verkieslik vroeg geoes en soms in sarsies vir meer kompleksiteit. •

LABORIE RESTAURANT
Dié restaurant is een van die landmerke op die gourmet-kaart van Suid-Afrika. Die spykaart spog met watertand geregte en bied 'n groot verskeidenheid keuses. Dit sluit ligte slaaie en peuselhappies, tot sappige wildsvleis, biefstuk en vars vangs uit die see in. Kinders is welkom. Middagetes word in die somer al fresco aangebied, onder die pragtige eikebome voor die restaurant en in die winter snoesig voor 'n kaggelvuur. Oop vir middagete 7 dae per week.

TROUES
Vir baie jare 'n gewilde onthaalplek vir troues. Omvou met berge, wingerde en 'n spogtuin, beskik dit oor al die vereistes vir 'n prentjiemooi troudag.

WYNPROE
Die wynproelokaal bied aan besoekers meer as net 'n wynproe ervaring. Brandewyn, unieke dessertwyn en olywe is ook op die spyskaart. In die somer word piekniketes aangebied en die historiese herehuis is 'n belangrike kultuurhistoriese skat, gemeubileer met waardevolle antieke meubels.

Laborie wynlandgoed, Taillefertstraat, Suider-Paarl
Tel: (021) 807-3093/5 Faks: (021) 863-0502, E-pos: hetta@gloriousfood.co.za
www.gloriousfood.co.za

LABORIE

BESIGE NIËL SE KOP RAAS GOED



Niël Rademan is 'n nuwe liggie, maar vir seker 'n ster wat nog lank en helder gaan skyn. Sy eerste album, *Fisantekraal*, is pas uit en beslis een van die beter Afrikaanse albums wat in die laaste maande uitgekom het.

Hy is 'n plaasseun wat so tussen sy voorbereiding vir die gr. 8-musiekeksamen sommer ook geleer het om wol te klas en om koeie kunsmatig te insemineer. Van vrugtebome ent kan jy hom ook nie veel leer nie.

Dit het alles gebeur daar in Heidelberg in die Kaap waar hy grootgeword het en waar sy ouers steeds boer.

Hy het soos elke goeie seuntjie van gr. 1 af in die koor gesing en eers later in sy lewe besef hy kry nie die praatrolle in konserte nie. Glo omdat hy te mooi gesing het.

"Ek het op skool klavierlesse gekry by Johan Griebenouw en hy het my geïnspireer om my beste te gee. Aan die Hoërskool Oakdale in Riversdal was ek die eerste leerling in die geskiedenis wat erekleure gekry het vir kultuur."

Vra hom wie hy is, en hy sê dadelik "ek is 'n besige, selfgemotiveerde, effe impulsiewe mens. My kop raas soms ... maar op 'n heel gesonde manier. Ek is 'n bietjie eksentriek. Maar ek is seker dit is al die kreatiewe impulse wat my 'n bietjie mallerig maak."

Hy wou nog altyd 'n album opneem met Afrikaanse sielsmusiek.

"My idee van musiek is nie noodwendig daardie klanke waarop mense partytjie hou nie. Ek wil die luisteraar veel eerder neem op 'n eenvoudige reis deur die verskillende emosies van die lewe," beskryf hy sy musiekstyl.

"My musiek gaan oor mense en hul emosies. Dinge wat mooi is, maar soms ook oor hartseer dinge."

Wanneer hy na musiek luister, is dit alles – van tradisionele boeremusiek tot opera. "Wat is nou meer nostalgies as 'n konsertina wat 'n volkswysie speel?"

Niël is betrokke by die Woordfees, wat in Stellenbosch aangebied word. Hy organiseer die woordmusiekafdeling. Verder behartig hy ook regie en gaan vanjaar 'n kinderproduksie, *Arboretta, die heks met die groen hare,* van Riana Scheepers aanpak. In Junie gaan hy en Ollie Viljoen kragte saamgooi vir 'n produksie met dit titel *Van Boerseun tot Brel.*

En sy groot droom.

"Ek wil intieme musiekteater en woordkuns-kabaret vervaardig ... en ek wil op elke dorpie in Suid-Afrika gaan sing en stories vertel."

Niël vertel 'n storie met musiek

Fleur du Cap gaan ' 'n verheerliking van teater' wees

Die jong musikant, komponis en teaterpraktisyn Niël Rademan werk op die oomblik vinnig 'n stewige reputasie in die kunste los. JEANNE CALITZ het hom oor al sy doen en late uitgevra.

Niël Rademan

Foto's: FRANCOIS NEL

MET soveel projekte onder sy sorg, sou 'n mens ure lank met Niël Rademan kon gesels. Die gesprek spring egter weg by sy album, *Fisantekraal*, wat onlangs verskyn het en wat goed ontvang word.

Dit is 'n mengsel van ouer liedjies wat op 'n nuwe wyse verwerk is en sy eie komposisies.

"Baie mense het my gewaarsku teen die feit dat ek outydse liedjies wil gebruik, en het gevra hoe gaan ek dit regkry om dit gewild te maak?

"Maar vir my gaan dit juis daaroor dat ek nie omgee oor die ouderdom van luisteraars of om 'n spesifieke mark te betree nie," vertel hy.

Al wat vir hom belangrik is, word daar verduidelik, "is dat mense iets voel terwyl ek sing, dat daar 'n verandering plaasvind".

Buitendien, mymer hy, is sy musiek dalk eerder kabaret- as populêre musiek, "want dit is beslis nie populêre liedjies nie".

Nietemin, hy is tevrede. "Ek is bly, want ek dink ek het daarin geslaag om dinge wat ander mense as outyds bestempel, te neem en dit vir die populêre mark toeganklik te maak. Om iets uit 'n vergange tyd op 'n vars wyse daar te stel."

Inspirasie vir die liedjies wat hy self skryf, put hy uit sy herkoms.

"Ek skryf oor die plek waar ek vandaan kom, geografies. Ek skryf oor die platteland se ideaal, dit is seker wat ek in my musikale sedelessies predik. Ek praat oor die wonder van stiltes en ooptes en reëndruppels wat in die stof val."

Niël vertel dat hy groot bewondering het vir die ou musikante, mense soos Jan Pohl.

"Destyds was daar nie so 'n groot afstand tussen die Afrikaanse musikante en die akteurs soos vandag nie, hulle was in perfekte harmonie. Die musikante het direk saam met die akteurs gewerk. Hulle het saam op die verhoog verskyn, musiek vir die toneelstukke geskryf en dit dan sommer op die verhoog gespeel."

Dié verskynsel illustreer ook Niël se belangstelling in die oomblik waar "musiek teater word".

Musiek moet 'n storie vertel, glo hy. "Elke lied vertel 'n storie, dit móét 'n storie vertel. Musiek moet meer as net 'n melodie wees, die lirieke is baie belangrik en moet 'n emosionele verandering ontketen.

"Wanneer die kyker – of medebelewer – van my musiek iets voel, dan voel ek het daar kommunikasie plaasgevind. En daar word musiek weer teater."

Daardie "kommunikasie" wat plaasvind, is vir hom nog belangriker as applous.

"Applous is wonderlik," beklemtoon hy, "maar geen applous is nog beter. As daar oomblikke is wanneer 'n stilte 'n lied volg, wanneer jy kan sien die mense *voel* iets, en dan begin iemand hande klap – dít is ongelooflik."

Hy is baie geïnteresseerd in die idee van die Europese kabaret, waar die stedelike altyd teenoor die plattelandse gestel word, waar die twee ideale teenoor mekaar opgeweeg word. Onlangs het hy in die Hennie Aucamp-boek *Vreemdeling op Deurtog* gelees mense dink dat kabaret oor oorlog gaan, maar eintlik is dit nie waar nie, kabaret het net in die tyd van oorlog hoogty gevier.

"As mens 'n lied sing, as die teks of lirieke na poësie oorgaan, en as jy genoeg aandag aan 'n kwessie skenk, dan pleeg jy kabaret, dan word dit musiekteater," benadruk Niël.

"En as ek aan die einde van my lewe kan kom en mense sê 'hy het nie net gesing nie, hy het iets probeer sê en sy medium was musiek', dan is ek gelukkig."

Intussen is daar 'n groot verskeidenheid produksies waarby hy betrokke is. Dit sluit 'n kinderteaterstuk (*Arboreta, die Heks met die Groen Hare*, wat hy beskryf as 'n omgewingsbewuste kinderteaterproduksie), 'n musiekprogram saam met Ollie Viljoen, die regie van die komende produksie *Appassionata* ("waar musiek en teater perfek bymekaar uitkom"), om nie te praat van die bestuur van die Dasjesdrift-teaterhuis op Heidelberg nie.

En dan is daar natuurlik die onmiddellike pluimpie – hy is die regisseur van "alles wat op die verhoog gebeur" by die komende Fleur du Cap-toekennings.

Die uitdaging van dié werk, bieg hy, is dat dit ongelooflik moeilik is om akteurs te vermaak. Hulle doen dus moeite om dit vir akteurs aantreklik te maak.

Die gevolg is dat die toekennings nie net 'n gewone prysuitdelingseleentheid is nie.

"Dit is 'n verheerliking van teater. 'n Vertoning eerder as 'n vervelige aframmeling van name."

Niël beskryf dit voorts as "een reusemusiekteatervertoning" en belowe " 'n spektakel op die verhoog – maar 'n mooi en geordende spektakel!"

'n Mens moet vra: Waar kry hy die energie en drif vir al hierdie dinge?

"Ek voel geroep hiervoor," kom die antwoord eenvoudig. "Ek is besete van al die musiek en stories in my, en hoe meer ek met mense te doen kry, hoe meer wil ek hul stories vertel.

"Dit voël vir my alles wat ek voel of beleef, het musiek by, ek sal nooit iets in die kunste doen wat nie direk aan musiek gekoppel is nie."

Daarmee bedoel hy nie alles in die kunste moet musiek bykry, of dat hy teater met musiek wil "doodgooi" nie.

"Maar dit is 'n wonderlike medium om die aksente van 'n teks uit te lig, dit bietjie warm te maak, om 'n bietjie versiering op te sit sodat jy agterkom: wag, hierdie happie is nog lekkerder as wat ek gedink het."

Ja, erken hy, sy dag is nie lank genoeg vir al die dinge wat hy wil doen nie.

"Ek kan glad nie 'nee' sê nie. Eendag wanneer ek 30 word, sal ek begin 'nee' sê. Tot dan kan almal wat belangstel nog vir my goed bring om te doen!"

OUDE LIBERTAS AMFITEATER STELLENBOSCH
WWW.OUDELIBERTAS.NET
BESPREEK BY COMPUTICKET OF 021 809 7473
15, 16 Feb - 20:15
ESENCIAS FLAMENCAS
Regie & choreografie: Carolyn Holden
Met dansers van La Rosa Spaanse-dansteatergeselskap
17 Feb - 18:00
KOOS & VALIANT
Met Koos Kombuis en Valiant Swart
27, 29 Feb, 1 Maart - 20:15
Skemerkonsert ★ 2 Maart - 18:00
DAVID KRAMER - HEMEL EN AARDE
PROTEA HOTEL STELLENBOSCH

Promosie: Die Burger, Wo 6 Aug, Voorblad.

BA voeg waarde tot lewe

NIËL RADEMAN

Niël Rademan Foto: VERSKAF

Deur deel te wees van 'n program in lettere en sosiale wetenskappe is jy onlosmaaklik deel van 'n groep mense wat toegerus is om jou omgewing sosiaal-maatskaplik te kan opbou. Hiermee word die volgende bedoel: die lettere konfronteer studente daagliks met die kwessie om inligting en gepaardgaande vrae te verwerk en te ontleed – voor dit bloot beantwoord word. Bykans alle voorgeskrewe programmateriaal in veral nagraadse sosiale wetenskap-programme daag die student voor logiese, filosofiese, sosiopolitieke en kreatiewe redenasies en die vorming van sinvolle gevolgtrekkings daaruit.

'n Kennis van al hierdie kwessies bemagtig 'n afgestudeerde om buite sy of haar spreekwoordelike boksie te kan dink. Die gevolg hiervan – 'n kreatiewe benadering tot probleemoplossing – is selfs in die mees serebrale omgewings baie meer werd as 'n gruwelike getob. Watter bevrediging is daar nie in die wete dat jy inherent ten volle geskool is in gesofistikeerde kommunikasie nie? Almal besef tog dat die belangrikste komponent van die hedendaagse mededingende wêreld goeie kommunikasie is.

Om direk by mý vakgebied, drama, aan te sluit; ek is absoluut van mening dat hierdie studieveld my 'n ongelooflike insig in menseverhoudings, sowel as die kuns om suksesvol in groot groepe te funksioneer, geleer het. Saam daarmee kom die oppervlakkwaliteite van die program: teaterkuns, teatervaardighede en teaterwetenskap.

Drama, sowel as al die ander BA-programme, bied 'n legio loopbaanmoontlikhede. Afgestudeerde dramastudente is die mense wat jy wêreldwyd sal vind in professies waar organisatoriese en kommunikasievaardighede van kardinale belang is, afgesien van die gros wat suksesvolle akteurs, teater- en filmtegnici word. Om dit alles te kroon kan ek getuig van die deeglike skoling in pligsgetrouheid en deursettingsvermoë en veral die kuns van multi-taakverrigting, maar om steeds perfek te fokus op jou onmiddellike projek. Die waarde wat my studies aan die Universiteit Stellenbosch tot my lewe gevoeg het, kan gekondenseer word tot dit wat vandag my motto is.

Prof. Marie Kruger (hoof van die US se dramadepartement) het ons geleer: "As iemand jou tydens 'n oudisie of onderhoud vra of jy viool kan speel, dan sê jy ja. En dan leer jy daardie nag om dit te doen."

Niël: talent en passie

Hy is regisseur, musikus, vervaardiger en tussendeur 'n mense-mens. **Loren Pienaar** het met Niël Rademan gaan gesels om meer oor hom uit te vind.

UIT VOLLE BORS Niël Rademan is 'n bekende gesig in die vermaakwêreld, wat met sy vele talente verskeie produksies behartig.

Foto: LIZELLE DE BRUYN

"EK WIL probeer om ander mense deur musiek en teater iets te laat vóél," was Niël Rademan se antwoord op waarom hy beroemd wou wees.

Van kleins af het hy "baie naïef gewens" om beroemd te wees eendag as hy "groot is". "Nooit drome van brandweerman word of dies meer gehad nie."

Rademan is dadelik merkbaar as 'n veelsydige mens vol vonk en passie. Hy het in Heidelberg grootgeword en het sy BDram-graad aan die US behaal. Tans woon hy in Hessequa.

Rademan se indrukwekkende CV maak dit moeilik om sommer net met enige vraag weg te val. In 2007 het hy Oude Libertas Amfiteater bestuur, waar Karen Meiring by hom oorgeneem het. (Vertroulik het hy laat glip dat hy eintlik haar geheime bewonderaar is.)

Sy mees opwindende projek tot dusver was die regie van die Fleur du Cap-teatertoekennings in 2007, waar die room van die land se teatertalent genomineer is in verskillende kategorieë. Vanjaar sal hy weer dié taak aanpak.

Wat presies was jou rol tydens die Fleur du Cap-teatertoekennings?

Ek is die een wat al die wonderlike vermaak en die prysoorhandigings op die verhoog kry én dit na 'n skouspel laat lyk. O ja, natuurlik om al die kunstenaars so gelukkig moontlik te hou – ek voel dat dit deel van my verantwoordelikheid is. Elke kunstenaar is fantasties en glansryk in sy eie reg. Ek skroom nie vir 'n oomblik om dit vir hulle te sê nie.

Wie was die mees beroemde persoon met wie jy al ooit moes saamwerk?

Ek het al vir Judy Dench, Richard Attenborough en Anthony Sher ontmoet, maar ek moet erken dat dit in al die gevalle kortstondige geselsies was. Dit was wel 'n voorreg om met Pauline Malefane, die *U-Carmen e-Khayelitsha* operaster, te werk. Ek was 'n soldaat in die Londense Weseinde-weergawe van die produksie.

Rademan het ook onlangs sy nuwe CD, *Fisantekraal,* bekendgestel. Sy gunstelingliedjie is "Fisantekraal", want die lirieke daarvan bied iets vir almal. Hy meen verder dat musiek 'n onlosmaakbare deel van enigeen se lewe is – dit vorm 'n mens.

Jou gehoor (indien jy so gelukkig is om daarmee geseën te wees) is reeds lank voor jou sig ten volle ontwikkel. Die mens moet ophou kyk en 'n slag sy oë toemaak en die lewe aanhoor.

Jy het op 'n stadium by die US klasgegee. Wat het dit behels?

Ja. Ek gee ongelukkig nie meer klas nie, maar my vakgebied was Afrikaans vir 2de- en 3de-taalsprekers. Dit was fantasties om mense passievol te maak oor 'n medium waarmee ek my hele bewussyn omskryf. Ek is Afrikaans.

Jy het 'n KANNA ontvang vir die kinderteaterstuk *Die Avonture van Wilde Willemientjie*. Beplan jy enige verdere kinderproduksies met Riana Scheepers (die draaiboekskrywer)?

Dit is as gevolg van Riana se werk dat die produksie my 'n KANNA besorg het. Ek is al die akteurs en veral die literêre superster – Riana – ewig dankbaar vir die geleentheid om met Willemientjie op die verhoog te kon lewe. Ek is tans besig met 'n nuwe storie van haar: *Arboreta, die heks met die groen hare.*

Dis duidelik dat jy 'n besige mens is. Waarna kan ons nog uitsien in die toekoms?

Appassionata, 'n toneelstuk vir 'n pianis en haar man, deur Pieter-Dirk Uys. Ek en die trekklavier-legende Ollie Viljoen gaan *Van Boereseun tot Brel* aanpak en ek en Johann Nel gaan saam 'n woordkunskabaret, *Bly te kenne,* wat handel oor Hennie Aucamp, doen. Daar is ook die moontlikheid van 'n slawe-kabaret, *Die Kaapse Kabaret,* waaroor ek nie té veel wil of kan sê nie.

Hoe is jy betrokke by die Woordfees op Stellenbosch?

Ek is die Woordmusiekorganiseerder; ek wil myself nie té prominent in die program inskryf nie. Ek doen wel *Arboreta, die heks met die groen hare*, waarin ek 'n kameeverskyning maak en die "musiekfabriek" is. Ek voel ook geëerd om 'n reeks selfgetoonsette gedigte van Wilma Stockenström uit te voer tydens die gedenklesing oor haar lewe. Ek fokus op Kleinkuns, soos die Nederlanders dit tereg noem – iets fantasties-*fragiel* wat jy in jou twee gebakte hande saam moet kan vashou.

Wat weet bitter min mense van jou?

Ek lag graag vir myself. Ek dink dis effens vreemd, maar tog 'n goeie eienskap.

Fisantekraal is by Classix on CD en Protea Boekhuis op Stellenbosch beskikbaar. Jy kan ook Niël Rademan kontak by niëlrademan@webmail.co.za. *Arboreta, die heks met die groen hare* kan op 8 Maart 12:30 teen R30 by Kruiskerk gesien word.